VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Helena Knezovich, Marlene Nel.
Maandag:	Charl Fourie, Sophimarié Fourie, Lourens Louw, Carel Mostert, Mila Prinsloo, Schalk Reynolds, May-Ann Swanepoel, Sonja Uys, Elsabé Viljoen, Lynette Welgemoed.
Dinsdag:	Neil Barnard, Anton Nell, Marianna Opperman, Neil Taylor, Amoré van Staden.
Woensdag:	Stefan de Waal, Anna-Marie Geldenhuys, Maria le Roux, Mac Mcenery, Skollie Stanley, Tina Vosloo.
Donderdag:	Joan Fourie, Marinda Smith, Deon van der Merwe, Gerhard van Greunen.
Vrydag:	Anthony Cowley, Christi Fourie, Gustav Lötze, Jacolize Rossouw, Linda Woudberg.
Saterdag:	Maurene de Kock, Amelia Möller, Ig Nothnagel, Andrew van Zyl.

LEWER GERUS KOMMENTAAR aangaande die eredienste. Stuur dit na eredienste@nghottentotsholland.co.za of *anoniem* vanaf die webblad

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou bank– en dankoffer te gee. NB: Stel jou foon se klank op geluidloos.

Ondersteun asseblief die besighede wat ons Gemeenteprogram geborg het. Probeer ook om vir hulle persoonlik dankie te sê daarvoor wanneer jy hulle besoek of / en van hulle dienste gebruik maak.

Ons herinner jou graag om **nie-bederfbare produkte**, toiletware en skoonmaak-middels op 'n Sondag saam te bring na die erediens of by die kerkkantoor af te laai. Ons probeer om op 'n maandelikse basis kospakkies aan mense in ons eie gemeente te voorsien wat dit nie kan bekostig nie. Dankie vir jou bydrae!

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Jeugleraar: Nicola Alberts; 074 313 7745; nicola@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 9:00 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 9 JUNIE 2019

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENSTE

09:00: EWALD VAN RENSBURG - NAGMAAL
SKRIFLESING: 1 SAMUEL 27 & 30
TEMA: GESELSKAP EN VRYGEWIGHEID - VEILIGE EN GASVRYE PLEKKE VIR/VAN JESUS CHRISTUS-NAVOLGERS

SPESIALE NAGMAALSDIENS VIR GESINNE MET JONGER KINDERS - IN DIE KERKSAAL
(HENNIE FOUCHÉ EN NICOLA ALBERTS)

KOM DRINK GERUS TEE NA DIE EREDIENS.

19:00 GESAMENTLIKE PINKSTERAFSLUITING MET VGK MACASSAR
SKRIFLESING: EFESIËRS 4:1-6
TEMA: IN DIE WERKSWINKEL VAN DIE HEILIGE GEES

KOM GENIET 'N WARM KOPPIE SOP, BROODJIES EN PANNEKOEK IN DIE KERKSAAL NA DIE EREDIENS.

DEUROFFERS:

Verlede week is R2260 ten bate van die Bybelgenootskap

Vandag se deuroffer: Direkte Uitsending van Eredienste.
Ons moes verlede jaar die uitsending van ons eredienste na die tehuise staak, omdat die stelsel wat gebruik is, onklaar geraak het, en te oud was om te herstel. Danksy 'n skenking kon ons 'n nuwe stelsel installeer, waarmee die dienste na drie van ons tehuise (Huis Vonke, Helderberg Support Centre, Robari) uitgesaai kan word, én wat ons in staat stel dat die eredienste nou direk via internet uitgesaai kan word.
Behalwe die kapitale koste om die stelsel te installeer, is daar ook maandelikse uitgawes, o.a. vir die kontrakte van simkaarte. Hierdie koste beloop sowat R4500 per maand. Aangesien die gemeente se begroting net kon voorsiening maak vir 7 maande se maandelikse uitgawes, moet ons probeer om die res elders te vind. Jy het vanoggend geleentheid om by te dra tot hierdie projek.

Volgende week: Instituut vir blindes

RES VAN DIE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag:	15:30	Gebedsgroep
	18:00	Diensgroep Fondse vergadering
	18:00	Inligtingsgeleentheid: Vroeë Kind ontwikkeling
Woensdag:	08:45	Bybelgesprek
	10:00	Bybelstudie by Huis Vonke
Donderdag:	15:00	Macassar Jesusbende Werkswinkel
Vrydag:		Skole sluit

Inligtingsgeleentheid oor **Vroeë Kind Ontwikkeling**.

Dinsdagaand, 11 Junie 18:00 – 19:00
Ds Nioma Venter, predikant in sinodale diens, deel inligting oor hierdie groot projek van die NG Kerk, sodat ons kan besluit óf en hoe en waar ons dit kan toepas in ons gemeenskap. Enigiemand is welkom om hierdie inligtings-geleentheid by te woon. Ons het enige bydrae en alle denke en kennis nodig om saam te besin wat ons daarmee moet en gaan doen.

BYBELGESPREK, Woensdag, 12 Junie.
Woon gerus die laaste byeenkoms van die kwartaal by. Ons ontmoet vir Abraham terwyl hy bid vir Sodom en Gomorra. Ons drink weer saam tee na die gesprek.

Berg-en-See Klub vir Senior Burgers, Donderdag 13 JUNIE
Tyd: 9.30 **Plek:** NG Moedergemeente Somerset Wes, Andries Pretoriusstraat.
ONDERWERP: Oudhede en die evaluasie daarvan.
Spreker: Gerrit Swanepoel is wyd bekend vir sy kennis van oudhede. Lede (en besoekers) word gevra om oudhede saam te bring wat dan deur Gerrit Swanepoel geëvalueer sal word. Hy sal sy kennis deel en ook oor die herstel van porselein gesels. Die bekende voordragkunstenaar, Erna Kruger, tree ook op. Koste: Besoekers R15, Lede R10 ALMAL WELKOM!

WAKKERBLY-AAND: 14 JUNIE 2019
VIR TIENERS

Vir graad 7 en ouer
Vanaf 18:00 Vrydagaand tot
6:00 Saterdagoggend
Tieners moet asb. teen 12 Junie vir Nicola laat weet of hulle dit wil bywoon (tel 074 313 7745)
Bring saam: R20 (vir jou ete), warm klere, kussing, kombers, flits en jou Bybel

KINDERS: KOM GENIET DIE EVEREST- AVONTUUR SAAM MET ONS VIR 3 DAE (18-20 JUNIE 2019)

Graad R - 6 kinders welkom
Graad 7 en ouer - kom dien as leiers en hulp
Koste: R150 vir 3 dae (of R60 per dag)
Dinsdag - Donderdag 9:00 - 13:00
Ligte ete word om 11:30 voorsien
Hierdie is verseker een van ons hoogtepunte vir die jaar!

Kontak vir Nicola of die kerkkantoor indien jy graag wil inskryf.

VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE

Die volgende lidmate is tydens die kerkraadsvergadering van 28 Mei 2019 verkies as kerkraadslede: Hennie Briedenhann en Talita Olivier. Hul name word aan die gemeente genoem vir voorbidding en goedkeuring.